**19 VIËTNAM** Prys die Here vir die kragtige getuienisse van ŉ groep voormalige dwelmverslaafdes, wat Jesus Christus as hulle Here en Verlosser aanvaar het. Die groep het opleiding ontvang by *Galilee Bible School*. Bid dat God sal voortgaan om dit wat hulle geleer het te gebruik om ŉ positiewe impak te maak op die kerke waar hulle bedien.

**20** Bid vir ons plaaslike personeel in Viëtnam wat gedurig na verskillende provinsies in die land reis om projekte te besoek en op te volg. Bid vir veilige reise, vir wysheid in besluitneming, en vir die Here om hulle met die regte mense in aanraking te bring, om Christene in elke provinsie te kan bedien.

**21 BHOETAN** Geopende Deure poog om toegewyde Christenstudente in Bhoetan by te staan met hulle onderrig. Bid dat studente wat ondersteuning ontvang, goeie rentmeesters sal wees, dat hulle produktiewe burgers in hul land sal word, en getuies van Christus sal wees vir diegene om hulle.

**22 SRI LANKA** Pastoor Jit*, ŉ deelnemer aan die *Standing Strong Through the Storm*-opleiding in Sri Lanka, het 50 jongmense van sy kerk gestuur om ook die opleiding by te woon. Bid dat deur hierdie opleiding, hulle bemoedig sal wees om te volhard in hul geloof, ongeag die omstandighede wat hulle in die gesig staar.

**23 MALEISIË** Geopende Deure het verskeie dissipelskapsgeleenthede beskikbaar, om kerkleiers en gelowiges te help om die Bybelse beginsel van volharding in die aangesig van toenemende vervolging te verstaan en te leer – bid dat God ons met selfs meer Christene sal laat skakel om te dissipel.

**24 SUIDELIKE FILIPPYNE** In Marawi, Suidelike Filippyne, is baie mense getraumatiseerd, veral ons broers en susters wie in verlede jaar se konflik as gyselaars aangehou is en familielede verloor het. Bid vir genesing vir hulle en vir die herstel van Marawi.

**25 BANGLADESJ** Om die Goeie Nuus in Bangladesj te deel kan eindig in vervolging… Maar bid vir waagmoed en liefde vir gelowiges, namate hulle uitreik na hul bure, en dat Geopende Deure in staat sal wees om hulle op ŉ effektiewe manier te help om sterk te staan.

**26 SOMALIË** In Somalië is Christenvervolging amper altyd geweldadig. Bid vir die beskerming van Christene en vir hul vervolgers om Christus te ontmoet.




Bid dat God genade sal betoon aan Djiboeti se regering, wat enige iets sal doen om te verseker dat Christene ŉ minderheid bly.

**27 DJIBOETI** Djiboeti se bevolking is 90% tot 95% Moslem. Die regering doen alles moontlik om te verseker dat Christene ŉ minderheid bly. Bid vir gelowiges om maniere te vind om in die geheim te aanbid en samesyn met ander gelowiges te hê, en selfs die Evangelie met ander te deel.

**28 SOEDAN** Sjaria-wetgewing in Soedan laat die gebruik toe van amputering, steniging en geseling om misdade te straf. Bid asseblief vir Christene wat gearresteer word en hierdie gewelddadige tipes straf in die gesig staar omdat hulle hul geloof deel.

**29 BAHREIN** In Bahrein word dit nie toegelaat om Sondagdienste in Arabies te vertaal nie, wat dit moeilik vir die Kerk maak om te groei. Bid dat die Woord van God meer toeganklik sal wees vir Arabies-sprekende gelowiges.

**30 TURKMENISTAN** Die regering van Turkmenistan hou steeds vas aan gevaarlike sieninge oor godsdiens en oefen beheer uit oor godsdienstige instellings. Bid vir God se ingryping sodat daar godsdiensvryheid in die land sal wees.

*Name verander vir sekuriteitsdoeleindes.

**Geopende Deure**
Diens aan vervolgde **Christene** wêreldwyd

**Posbus 1771, Cresta, 2118**
**T** +27 11 888 9341 | **F** +27 11 888 9362
**E** southafrica@od.org | **I** www.opendoors.org.za

@opendoorssa
Open Doors South Africa
open_doors_sa

**Geopende Deure**
Diens aan vervolgde **Christene** wêreldwyd

# GEBEDSKRYGERS FLITS

**SPESIALE UITGAWE | RAMADAN | 15 MEI tot 14 JUNIE 2018**



"Gedra julle altyd goed onder die heidene sodat, al praat hulle kwaad van julle asof julle misdadigers is, hulle julle voorbeeldige lewe kan sien en God kan verheerlik op die dag van afrekening." 1 Petrus 2:12 (1983)

**Junie 2018**

**1 KAMEROEN** In Kameroen, ervaar Christene, veral dié van ŉ Moslemagtergrond, baie druk gedurende Ramadan. Bid dat die Here hulle sal bystaan en beskerm. Bid dat hulle hernude waardering sal hê vir Christus se offer en die vryheid wat hulle in Hom geniet, ten spyte van die vervolging wat hulle ervaar.

**2 IRAN** Baie Irannese keer hulself tot Christus omdat hulle Hom in ŉ droom ontmoet. Bid dat die Here meer van hulle op hierdie manier sal bereik gedurende die Ramadan-seisoen.

**3 PAKISTAN** Bid vir die harte van Pakistan se Moslemleiers, namate die Ramadan-vas voortgaan. Hulle is een van die hoofdrywers van Christenvervolging in die land. Bid dat hulle ŉ ware ontmoeting met "Isa" (Jesus) sal hê en sal besef dat Hy die Messias is.

**4 INDONESIË** Ramadan sal ŉ moeilike tyd vir Christene in Aceh, Indonesië wees. Die hele bevolking onderneem die strewe na heiligheid, wat die druk vermeerder om sjaria-wetgewing in die provinsie toe te pas. Bid asseblief vir die sekuriteit van Christene in Aceh en vir krag om die druk te verduur.

**5 LIBIË** Bid vir krag vir Christene in Libië gedurende Ramadan. Hulle staar baie probleme in die gesig omdat hulle nie aan die Islamitiese rituele gedurende die vas deel neem nie. Bid dat hul getuienis baie Moslems na Christus sal bring.

**6 SAOEDI-ARABIË** Gedurende Ramadan is die druk op geheime gelowiges in Saoedi-Arabië selfs meer intens as gewoonlik. Hulle word gedwing om te vas en te bid soos toegewyde Moslems, sodat hulle nie as afvalliges uitstaan nie. Bid dat hulle, te midde van die duisternis, op Christus sal fokus en in staat sal wees om die druk wat hulle in die gesig staar te verduur.

**7 KATAR** Christene in Katar moet versigtig wees om die Moslemreëls van vas te respekteer. Om in die publiek of selfs in ŉ kar te eet of te drink kan lei tot arrestasie, drie dae in die tronk en ŉ boete. Bid vir wysheid vir hierdie gelowiges, namate hulle die laaste dae van Ramadan betree en met Moslembure omgaan.

**8 EGIPTE** Die laaste week van Ramadan is gewoonlik die moeilikste vir Christene, namate baie Moslems meer toegewyd raak in hulle beoefening van godsdienstige rituele. Moslems sal Christene herinner aan hulle "ongeloof" of hulle daarvoor straf. Bid vir die beskerming van Christene en dat, deur hul getuienis, Moslems se oë sal oopgaan vir die waarheid van wie God is.



Bid vir die beskerming van Christene in Nigerië gedurende Ramadan – hulle ervaar gewoonlik ŉ toename in aanvalle teen hulle.

**9 NIGERIË** Dit is skokkend dat ŉ gemiddeld van vyf kerke elke Sondag in Nigerië aangeval word, en dat aanvalle boonop gewoonlik styg tydens Ramadan. Bid dat God die wat hierdie aanvalle uitvoer tot berou sal bring.

**10 ETHIOPIË** Bid dat namate die gevaar wat Islam inhou styg, God meer eenheid in Sy Kerk in Ethiopië teweeg sal bring. Mag Moslems wat na God soek gedurende die laaste paar dae van Ramadan, Hom vind deur die voorbeeld van die verenigde liggaam van Jesus Christus.

**11 "NAG VAN KRAG"** Moslems ag die "Nag van Krag" as die heiligste nag gedurende Ramadan – hulle glo die seëninge en genade van Allah is oorvloedig, sondes word vergewe, en versoeke word beantwoord. Baie Moslems het ook bonatuurlike ontmoetings met Jesus gedurende hierdie nag. Bid dat Jesus, Homself aan baie Moslems wat na Hom soek sal openbaar.

**12 SENTRAAL-ASIË** Baie gelowiges in Sentraal-Asië is op die vlug vir hul geloof – dikwels van die wat die naaste aan hulle is, soos familielede. Bid vir God se voortdurende beskerming vir hulle namate die maand-lange vas tot ŉ einde kom.

**13 OMAN** Terwyl daar ŉ graad van godsdiensvryheid in Oman is, is Islam die staatsgodsdiens; as ŉ pa byvoorbeeld Islam verlaat, word hy verbied om toesig oor sy kinders te kry. Namate Ramadan tot ŉ einde kom, bid vir Omane, en hul sultan, om hulself tot die een ware Koning te keer.

LAASTE DAG VAN RAMADAN

**14 WÊRELDWYD** Op hierdie laaste dag van Ramadan, dank God saam met ons vir alles wat Hy gedurende hierdie tyd gedoen het, en vir almal wat Jesus ontmoet het, miskien vir die eerste keer ooit! Bid dat die saadjies van die Evangelie wat in die harte van Moslems gesaai is, sal blom.

**15 EID-OEL-FITER** Vandag vier Moslems die einde van hulle maand-lange vas. As hierdie viering hulle soveel vreugde bring, hoeveel meer sal die ewigdurende vreugde, vrede en hoop van Jesus bring tot die lewens van Moslems wat God ywerig soek? Bid dat Moslems wêreldwyd die vreugde, vrede en hoop van Jesus sal leer ken.

**16 INDIË** In Indië wil Hindoe-ekstremiste "Saraswati Puja" (die aanbidding van die Hindoe-godin, Saraswati) in Christenskole afdwing en die skole forseer om ŉ prent van die Hindoe-godin te vertoon. Bid asseblief vir God se wysheid en leiding vir hierdie skole om die situasie te hanteer.

**17 KAZAKSTAN** Ongeveer 15,000 Gelowiges vanuit ŉ Moslemagtergrond in Kazakstan hou hulle geloof ŉ geheim. Bid vir hulle vir samesyn met ander Christene.

**18 TADJIKISTAN** Hou asseblief aan om te bid vir die familie van Bahrom Kholmatov, ŉ Tadjikse pastoor wat valslik van "ekstremisme" beskuldig is en vir drie jaar in gevangeneskap is. Vroeër vanjaar, het sy vrou, Gulnora, siek geword en is sy in die hospitaal opgeneem. Bid vir krag vir haar en voorsiening vir hulle as ŉ familie.



Bid vir krag vir Bahrom Kholmatov en sy vrou, Gulnora, terwyl hy in die tronk is vir sy geloof.